

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer : 5252/2013

In die saak tussen:-

DIHLABENG LOCAL MUNICIPALITY

Eiser

en

GOLDEN CIRCLE INVESTMENTS 102 (PTY) LTD

Verweerder

UITSPRAAK DEUR:

VAN ZYL, R

AANGEHOOR OP:

27 MAART 2014

GELEWER OP:

9 JUNIE 2014

- [1] Hierdie is 'n aansoek om summiere vonnis vir die betaling van die bedrag van R274 890-82, tesame met tersaaklike rente en koste daarop, ten opsigte waarvan eiser 'n enkelvoudige dagvaarding teen verweerder uitgereik het. Die vordering is vir agterstallige eiendomsbelasting en munisipale heffings vir dienste gelewer op verweerder se spesiale aandrang en versoek gedurende die periode wat strek vanaf 1 Augustus 2008 tot en met 30 Junie 2013 ten

opsigte van Erf 515, Clarens, synde die eiendom van verweerder.

- [2] Mnr Weyer is die deponent tot die verklaring afgelê ter opponering van die aansoek om summiere vonnis. Verweerder se verweer is gebaseer op 'n kontraktuele skadevergoedingsaksie wat Mnr Weyer onder saaknommer 1625/07 teen eiser, in die vorm van 'n teeneis, ingestel het in die Bethlehem Landdroshof. Die teeneis handel met kontraktuele skade as gevolg van eiser se kontrakbreuk met die verkoop van 'n karavaanpark aan Mnr Weyer te Clarens. Mnr Weyer was suksesvol met die meriete van daardie teeneis en is dit tans net nog die kwantum van die teeneis wat oorstaan vir latere beregting. Aanvanklik het Mnr Weyer gemeen dat die direkte skade ten opsigte van daardie teeneis ongeveer R2 miljoen beloop en die gevolgskade ongeveer R4 miljoen beloop, maar doen hy aan die hand dat deskundige berekeninge wat tans uitgevoer word moontlik kan aandui dat die skade selfs meer kan beloop.

- [3] Eiser het 'n soortgelyke aksie as die onderhawige aksie in

hierdie Hof onder saaknommer 5253/2013 teen Mnr Weyer in sy persoonlike hoedanigheid ingestel ten opsigte van agterstallige eiendomsbelasting en munisipale heffings vir dienste gelewer met betrekking tot Erf 401, Clarens, welke die eiendom van Mnr Weyer persoonlik is. Eiser het ook in daardie aksie aansoek gedoen om summiere vonnis. 'n Identiese afskrif van die opponerende verklaring wat in daardie aansoek om summiere vonnis geliasseer is, is ook in die onderhawige aansoek geliasseer. In daardie aansoek, waarin Mnr Weyer in sy persoonlike hoedanigheid die verweerder is, het die partye by ooreenkoms ooreengekom dat verlof aan Mnr Weyer verleen word om die aksie te verdedig.

- [4] In die onderhawige aansoek om summiere vonnis moet egter in ag geneem word dat die hangende suksesvolle teeneis in die Landdroshof in die naam van Mnr Weyer in sy persoonlike hoedanigheid is, terwyl die verweerder in die onderhawige geval die maatskappy Golden Circle Investments 102 (Pty) Ltd is. Mnr Weyer het in sy opponerende verklaring die volgende tersaaklike bewerings gemaak in die verband:

“1.1 Ek is ‘n meerderjarige man wie hierin optree in my persoonlike hoedanigheid en as direkteur en aandeelhouer van Golden Circle Investments 102 (Pty) Ltd, Lake Clarens, Erf 104, Clarens, Vrystaat Provinsie.”

“3.2 Ek doen aan die hand dat die verweer wat ek hierin uiteensit ook ‘n verweer vir Golden Circle daarstel. Enige verwysing na myself is ook verwysing na Golden Circle.”

- [5] Mnr Zietsman, namens verweerder, het aan die hand gedoen dat dit duidelik blyk dat Mnr Weyer die verweerder as sy alter ego beskou aangesien hy die direkteur en aandeelhouer van die verweerder is. Hy het gevolglik aan die hand gedoen dat verweerder by wyse van die suksesvolle teeneis in die Landdroshof teen eiser, ‘n *bona fide* verweer openbaar het. In die alternatief het Mnr Zietsman betoog dat die Hof ‘n wye diskresie het om nie summiere vonnis toe te staan nie en dat hierdie ‘n gepaste geval is waar sodanige diskresie ten gunste van verweerder uitgeoefen behoort te word.

- [6] By die oorweging van die vraag of 'n verweerder 'n *bona fide* verweer in sy opponerende verklaring openbaar het, word die volgende vereistes gestel soos uiteengesit in MAHARAJ v BARCLAYS NATIONAL BANK 1976 (1) SA 418 (A) op 426 B:

“All that the Court enquires into is: (a) whether the defendant has fully disclosed the nature and grounds of his defence and the material facts upon which it is founded, and (b) whether on the facts so disclosed the defendant appears to have, as to either the whole or part of the claim, a defence which is both *bona fide* and good in law.” (Eie beklemtoning).

- [7] Die regsraad van die verweer wat verweerder in die onderhawige geval opper, is wat bekend staan as “*piercing of the corporate veil*”. Dit is die uitdrukking wat gebruik word wanneer die regte en verpligtinge van 'n selfstandige regsentiteit, soos 'n maatskappy, geag word die regte en verpligtinge van sy aandeelhouders te wees. Dit word as volg in EX PARTE GORE AND OTHERS NNO 2013 (3) SA 382 (WCC) op 386 C tot 387 A as volg beskryf:

“What is entailed on any approach, whether it be called a

‘piercing’ or a ‘lifting’, is a fact-based determination by the courts in certain cases, to disregard some or all of the characteristics of separate legal personality that statute law ordinarily attributes to a duly incorporated company. Juristic personality is a legal fiction....and thus, when the circumstances of a particular case make it appropriate to do so – inevitably in matters in which the concept has been used improperly, in a manner inconsistent with the rationale for the creation and maintenance of the legal fiction – courts will disregard it.”

- [8] Hoewel daar nie bepaalde en vasgestelde omstandighede bestaan of neergelê is waarbinne ‘n Hof bereid sal wees om die selfstandighede regsaard van ‘n aparte regsentiteit te ignoreer nie, blyk dit na my mening duidelik dat dit slegs gedoen word as remedie teen ‘n maatskappy of ander regsentiteit in omstandighede waar die persone in beheer van daardie regsentiteit, die regsaard van daardie entiteit misbruik of onbehoorlik aanwend. SIEN EX PARTE GORE AND OTHERS NNO, *supra*.

- [9] Teenstrydig met laasgenoemde beginsel, poog Mnr Weyer in die onderhawige geval om die regsaard van verweerder

as 'n aparte regsentiteit te ignoreer ten gunste van verweerder self en in omstandighede waar hy self die aandeelhouer en direkteur is. (Ek merk volledigheidshalwe op dat Mnr Weyer nie eers beweer het dat hy die enigste aandeelhouer en enigste direkteur is nie, maar aanvaar ek vir doeleindes van hierdie uitspraak dat dit wel die geval is.) Hierdie benadering of werkswyse is na my mening nie regtens toelaatbaar nie. Mnr Zietsman was ook nie in staat om my na enige gesag te verwys waar die beginsel van “piercing of the corporate veil” op hierdie wyse toegepas is nie.

[10] Gevolglik kan die teeneis wat Mnr Weyer in sy persoonlike hoedanigheid teen eiser het, nie ten gunste van verweerder as verweer geopper word nie. Dit stel na my mening nie 'n verweer daar wat “good in law” is nie.

[11] Wat die uitoefening van my diskresie betref, word dit nie deur bepaalde rigiede reëls gereguleer nie, maar moet dit steeds op judisiële basis uitgeoefen word. In PANSERA BUILDERS SUPPLIERS (PTY) LTD v VAN DER MERWE (T/A VAN DER MERWE'S TRANSPORT) 1986 (3) SA 654 (C) op 659 A tot C is dit as volg uiteengesit:

“The fact that the defendant’s affidavit in the present case does not entitle him to have the summary judgment refused is not the end of the enquiry. Where defendant has not furnished security in terms of Rule 32(3)(a) nor satisfied the Court in terms of Rule 32(3)(b) by affidavit or oral evidence that he has a *bona fide* defence, the Court has a discretion as to whether or not to close its doors to the defendant and to grant summary judgment. Such a judgment is a final judgment which is designed to prevent the plaintiff having to suffer the delay and additional expenses of a trial in circumstances where the Court is satisfied that ‘the defendant’s case is a bogus one or is bad in law and is raised merely for the purposes of delay....’. (See Arend’s case *supra* at 304 G.)

The discretion must be exercised judicially and upon the information which is before the Court. The Court must guard against speculation and conjecture and be astute not to substitute these for the actual information which has been placed before it.”

[12] Na my mening is daar in die onderhawige geval geen bewerings wat as basis kan dien vir die uitoefening van my diskresie ten gunste van verweerder nie. Die bestaan van

die suksesvolle teeneis van Mnr Weyer in sy persoonlike hoedanigheid teen die eiser kan na my mening nie sodanige basis vorm nie. Die feit dat Mnr Weyer die verweerder as sy alter ego beskou (en klaarblyklik aldus gebruik op sy eie weergawe), kan juis 'n misbruik deur homself van die regsraad van die maatskappy as 'n aparte regsentiteit teen sy krediteure daarstel en is ek nie bereid om op hierdie basis my diskresie ten gunste van verweerder uit te oefen nie. Uit 'n regsoogpunt beskou het die suksesvolle teeneis teen eiser deur 'n ander party as die huidige verweerder geen nexus met die onderhawige vordering teen verweerder nie.

- [13] Mnr Zietsman het in die verdere alternatief versoek dat ek in plaas van die toestaan van die aansoek om summiere vonnis, verweerder gelas om sekuriteit te verskaf aan eiser tot bevrediging van die griffier vir enige vonnis, ingesluit koste, wat teen verweerder gegee mag word in die onderhawige geding. Na my mening is ek nie bevoeg om sodanige bevel te maak nie. Volgens die bepalinge van Hofreël 32(3)(a) is dit 'n opsie wat *meru moto* deur 'n verweerder uitgeoefen kan word ten einde die verlening van

summiere vonnis teen hom te voorkom. Waar verweerder versuim het om dit te doen, is dit nie 'n bevel wat ek ooreenkomstig die bepalinge van Hofreël 32(5) kan gelas nie.

[14] Hierdie is na my mening 'n geval waar die verlening van summiere vonnis teen verweerder juis 'n gepaste remedie is en juis uitvoering gee aan die doel van summiere vonnis as sulks. SIEN JOOB JOOB INVESTMENTS v STOCKS MAVUNDLA 2004 (5) SA 1 (SCA) op 11 F tot 12 H.

[15] Wat betref rente, is daar in die dagvaarding voorsiening gemaak vir drie alternatiewe vorderings wat die berekeninge van die rente betref. Die eerste daarvan is 'n vordering van die betaling van rente teen prima rentekoers plus 1% bereken vanaf 1 Julie 2013 tot datum van betaling, met gepaardgaande bewerings ter ondersteuning van eiser se geregtigheid om die rente aldus te vorder. Dit is ook die rentevordering wat in die aansoek om summiere vonnis gevorder word. Verweerder het geensins die regsgeldigheid en/of korrektheid van hierdie vordering in die opponerende verklaring betwis nie. Ek is gevolglik

voornemens om wel sodanige rentevordering toe te staan.

[16] Wat die koste betref, het eiser in die enkelvoudige dagvaarding die bewering gemaak dat verweerder verplig is om die koste van eiser te betaal op die skaal soos tussen prokureur en kliënt en insgelyks bewerings ter ondersteuning van die vordering gemaak. Koste op hierdie skaal is ook in die aansoek om summiere vonnis gevorder. Verweerder het insgelyks nie hierdie vordering in sy opponerende verklaring betwis nie en in die uitoefening van my diskresie ten opsigte van koste, is daar na my mening geen rede waarom hierdie kostebevel nie verleen moet word nie.

[17] Gevolglik verleen ek summiere vonnis teen die verweerder in die volgende terme:

15.1 Verweerder word gelas om aan eiser die bedrag van R274 890-82 te betaal.

15.2 Verweerder word gelas om rente op voormelde bedrag te betaal teen prima rentekoers plus 1%,

bereken vanaf 1 Julie 2013 tot datum van betaling.

15.3 Verweerder word gelas om die koste van die geding te betaal op die skaal soos tussen prokureur en kliënt.

C. VAN ZYL, R

Namens die Eiser:

Adv H J Benade
In opdrag van:
Symington & de Kok Prokureurs
Bloemfontein

Namens die Verweerder:

Adv P J J Zietsman
In opdrag van:
Honey Prokureurs
Bloemfontein